

CHRISTELIKE MAANDBLAAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Jaargang 1. Nr. 3.

Intekengeld R2 Subscription

By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA.

July 15 Julie 1962

Volume 1; No. 3.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

THE RENEWAL OF THE CHURCH AT THIS TIME

If we speak of the renewal of the Church we must proceed from the assumption that the Church needs renewal. In order not to confuse the issue I wish to define renewal as the urgent sense of need of the Church to be and become more effective in her calling and mission as Christ's Body; to present a living and effective challenge to the world; to offer an enduring and satisfactory alternative to all the Kingdoms of the world; to speak with clarity and authority on all the vexing issues of our atomic age.

If we are complacently satisfied that the Church is in fact doing all these things, that she is presenting an effective challenge to the world and its way of living, that she is in fact an inspiring and vital demonstration of the Kingdom of God as the ultimate reality, that she presents a picture of unity, love and dedicated service, then I have no more to say.

But I am afraid you have to agree with me that this is not the case. Since it is not my task to go into all the distressing aspects of failure in the Church's life and witness, I will apply myself to the question as to how the Church can and ought to be renewed.

Before proceeding with that a further point needs clarification i.e. the expression "at this time". Again I am at a loss to define the exact significance or implications of this term. We are always naturally inclined to regard our times as so much worse or difficult than those of our predecessors. But I do think we are all in complete agreement on the point that our times are posing problems and questions to the church which often leaves us at a total loss for an answer.

Life has become secularised on all fronts. Humanism has become the theology of the masses; more than half the world lives under totalitarian regimes, which leaves very little room for freedom of confession of worship; on the other hand we are confronted with an almost fanatical drive towards unity. Life must be organised on a world scale in state and church: One World—One State—one Church (if any!).

And finally we are confronted on all sides with the urge to freedom—whatever that may mean to millions clamouring for it, millions without the slightest notion of what it involves by way of responsibility, inner stability, fundamental

values and technical and administrative ability or know how.

THREAT FROM CIVILIZED COUNTRIES

But, apart from the tumultuous activity of rapid social change in the underdeveloped and backward countries of the world and their impact on the church, we are faced with an even more serious threat from the over-developed and civilized countries of the western world. The general falling away from faith in the Christian sense of the word; the secularization of life; the worship of the achievements of technology and science has presented the church with the most serious challenge in its history. Many thoughtful thinkers speak of our time quite frankly as the post-Christian era. This affects not only Christianity but religion as such.

Nathan Glazer says in his book (*American Judaism*, 1957): "Religion has lost in the modern world the major position it held throughout history . . . the great change is that hardly any significant number of people now interpret life in the terms proposed by the major religions. They no longer live for salvation, no matter how defined but for life on this earth, in this world interpreted in purely non-religious terms."

The same sentiments have been much more forcefully expressed in Dietrich Bonhoeffer's "Letters from Prison". He comes to the conclusion that the world has come of age and has dispensed with religion in all its old and well known and accepted presentations. Here are extracts from his letters of June 8th and July 18th, 1944:

"Man has learned to cope with all questions of importance without recourse to God as a working hypothesis . . . As in the scientific field, so in human affairs generally, what we call "God" is being more and more edged out of life, losing more and more ground . . . The world which has at-

tained to a realization of itself and the laws which govern its existence is so sure of itself that we become frightened . . . Even though there has been surrender on all secular problems these still remain the so-called ultimate questions—death, guilt, — on which only 'God' can furnish an answer, and which are the reasons why 'God' and the church and the pastor are needed. Thus we live to some extent by these ultim-

mate questions of humanity . . ."

In another letter he dispenses with even these ultimate questions . . . "Religious people speak of God when human perception is (often just from laziness) at an end, or human resources fail: it is in fact always the Deus ex Machina they call to their aid, either for the so-called solving of insoluble problems or as support in human weakness or on the borders of human existence. Of necessity, that can only go on until men can by their own strength, push those borders a little further, so that God becomes superfluous as a Deus ex Machine. I have become doubtful even about talking of 'borders of human existence.' Is even death today, since men are scarcely afraid of it any more, and sin, which

they scarcely understand anymore, still a genuine borderline?"

Paul Tillich describes modern man as lacking "the lost dimension of life"—the dimension of religion, but he does not seem to be suffering in his missing of it.—His suffering is concentrated on other ends. As Glazer puts it—"even when he seeks economic and political justice, he seeks it not as a rendering of the will of a righteous God, but as a movement toward the most widespread possible hedonistic participation in the bounties of the earth."

These then are the times to which the church must address herself!

F. E. o'B. GELDENHULJS.
Pretoria.

(To be continued)

DIE NUWE TESTAMENT OOR DIE GODHEID VAN CHRISTUS

[1] Aanspraak as God en Aanbiddelikheid

Sover ek kon vasstel trek hoofsaaklik drie groepe voordeel uit die onlangse uitspraak van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, te wete die betrokke Kommissie self, die Jehovahgetuie en die Islam. Die uitspraak het egter een saak benadeel, te wete die verkondiging van Jesus Christus, Seun van God en self ook God.

Daarom haas ek my om uit die Nuwe Testament die ewige en waaragtige Godheid van Jesus Christus aan te wys.

Mens sal die waaragtige godheid van Christus hoofsaaklik moet soek in die feit dat Hy in die Nuwe Testament met godsname aangespreek is en as aanbiddelik aangedui is. Om die rede sal ons eers ondersoek of die skrywers van die Nuwe Testament Hom met die naam „God“ of gelykwaardige name onderskei. Daarna sal ons moet uitmaak of Hy volgens die Nuwe Testament werkelik aanbiddelik is en daadwerklik aanbid is soos God aanbid is.

Dis waar, bewysplase dat Christus „God“ genoem word, is skaars in die Nuwe Testament en dan is 'n groot deel van hierdie tekste bowendien nog tekskrifte of eksegeties omstrede. Dit sou oneerlik en onwetenskaplik wees om hierdie feite uit die oogpunt van mens se persoonlike stellingname, selfs uit die sogenaamde „heilige vooroordeel van die geloof“, te verdoesel. Die belydenis van Christus as God is deur sulke metodes nie gedien nie maar eerder benadeel. Uit hierdie selfde oorweging moet mens bereid wees om uit die staanspoor te erken dat die drie eerste Evangelies, oftewel Synoptici, wat die neerslag van die oudste tradisie aanstaande Christus verteenwoordig, Hom nooit „God“ noem nie. Verskillende redes kan vir hierdie verskynsel genoem

word. Eerstens, dit moet in gedagte gehou word dat die vroegeste gemeente, die gebied van die historiese werksameheid van Jesus, feitlik uitsluitlik Joodse gelowiges bevat het met hul natuurlike huiwering om die Godsnaam uit te spreek. Dieselfde kenmerk sal ons ook by Paulus opmerk. Daar kom by die feit, soos ons weldra nader sal aantoon, dat die Nuwe Testament goddelike predikate eers na die opstanding en verheerliking op Jesus toepas.

Dit verwonder ons daarom nie dat Hy eers deur die vierde Evangelie wat teen die einde van die eerste eeu geskryf is, God genoem word nie. Hierdie Evangelie doen dit op 'n skeemates opvallende en indrukwekkende wyse, naamlik aan sy begin en aan sy einde. Dit begin met Christus God te noem en dit eindig met Hom te bely as God. Bedoeld is Joh. 1:1 en Joh. 20:28. Letterlik lui Joh. 1:1: „In die begin was die Woord en die Woord was in die teenwoordigheid van God en „God“ was die Woord.“ Met opset plaas ek die tweede gebruik van God in hierdie teks tussen aanhalingsstekentjes: In die Griekse oorspronklike ontbrek hierby naamlik anders as by die eerste gebruik, die lidwoord. Oor die algemeen en behalwe wanneer dit in kon-

struksie staan en as eienaam voorkom, duis „God“ met die lidwoord in die Nuwe Testament God die Vader aan. Waar dit hier in Joh. 1:1 sonder die lidwoord voorkom en dit wel onmiddellik na die gebruik daarvan met die lidwoord, moet ons bereid wees om die verskil in betekenis te onderskei. Die bekende eksegeet, C. K. Barrett, vertolk die sienswyse van die grootste gedeelte van die teenswoordige eksegeete met die oordeel: „Theos being without the article, is predicative and describes the nature of the Word. The absence of the article indicates that the Word is God, but is not the only being of whom this is true; if ho Theos had been written it would have implied that no divine being existed outside the second person of the Trinity.“) Anders as die Grieks kan meeste van ons germaanse tale die griekse predikatief nie weergee sonder 'n omskrywing nie. Ons kan dit as adjektief vertaal, maar dan verklaar dit net 'n hebbelheid en nie 'n wesentlikheid nie. Dit sê dan te min. In die geval van Joh. 1:1 sou ons dan moet vertaal, „En die Woord was goddelik“. Ons kan dit ook met 'n selfstandige naamwoord vertaal en dan te veel sê, soos die Afrikaanse vertaling byvoorbeeld doen met die weergawe, „en die Woord was God“. Die predikatief wil nie sê dat die Woord God die Vader is nie, aan die ander kant wil dit ook nie sê dat die Woord net die kwaliteit van goddelikheid het nie; dit wil sê dat die Woord wesenlik God is. Die New English Bible vertaal daarom korrek met sy omskrywing, „and what God

(Vervolg op bladsy 2)

IN HIERDIE NOMMER:

- APARTHEID EN OPVOEDING 2
- KRITIEK OP „PRO VERITATE“ 3
- DIE VERBREKING VAN GEMEENSKAP 5
- SINKRETISME IN DIE SENDING 5
- INDIE: HOOP EN WANHOOP 6
- GOSPEL: "EUROPEAN THING"? 8

GODHEID VAN CHRISTUS

was, the Word was". Oscar Cullmann soek in dieselfde rigting met die oomkrywing, „der Logos ist Gott in seiner Offenbarung".) Met ander woorde, die Woord is nie geskeie van die wese van God nie, maar wel onderskele.

Dit volg hieruit dat die Woord netso van die wese God is as die Allerhoogste, maar dat Hy onderskeie van Hom is; verder, dat die Woord, nes God, van die begin af was, dit is ewig is. Ten slotte volg hieruit dat Joh. 1:1 ondubbelzinnig die ewige en waaragtige godheid van die Woord, wat in Joh. 1:14 met Jesus Christus vereenselwig word, bely.

Die Vierde Evangelie sluit in Joh. 20:28 oorspronklik af en dan met die belydenis van Thomas teenoor die opgestane Jesus Christus, „My Here en my God!" Teen hierdie beginnen slotwoorde kan tekskrities en eksgeties niks ingebring word nie.

Onderweg maak die skrywer van hierdie Evangelie nog 'n opmerking oor die godheid van Christus. Dis Joh. 1:18. Hierdie uitspraak is wel nie eenstemmig oorgelewer nie. Terwyl die latere handskrifte bekend as die Koine-teks, gerugsteun deur die negende eeuse Koridethihandskrif hier lees, „die eniggebore seun wat in die boesem van die Vader is . . .", lui die oudste tradisie soos weerspieël in die tweede eeuse Bodmerpapyrus en die vierde eeuse Codex Vaticanus en die Codex Sinaiticus, „eniggebore God wat in die boesem van die Vader is . . .". Laasgenoemde lesing is ongetwyfeld die mees ongewone, maar uit ruim 'n eeu van ervaring het die tekskritiek al geleer dat die moeiliker en seldsamer lesing gewoonlik die korrekte is. In hierdie geval word die bevinning versterk deur die feit dat dit die lesing van die oudste en daarom die betroubaarste manuskripte is.

Uit die gehele samehang van Joh. 1:18 wat dus moet lê, „Niemand het ooit God gesien nie; God die eniggeborene wat in die skoot van die Vader is, het Hom bekend gemaak", is net soos uit 1:1 duidelik dat die skrywer van die Johannesproloog nie wil sê dat die Woord, Christus, God die Eerste Persoon oftewel die Vader is nie; aan die ander kant is dit duidelik dat hy wel wil sê dat die Woord van dieselfde wese as die Vader is en dat Hy daarom God is soos God die Vader God is. Die New English Bible wat origens die lesing van die Koridethihandskrif hier volg, billik nietemin ook die vertaling, „the only one, himself God, the nearest to the Father's heart, has made him known."

In wese sê Joh. 1:18 dus niks anders as Joh. 1:1 nie, naamlik dat die Woord, Christus, by God was en dat wat God is, die Woord ook is. Dit bely met ander woorde ondubbelzinnig en sonder voorbehoud die godheid van Christus.

EERSTE BRIEF VAN JOHANNES

Uit dieselfde tyd, kringe en omgewing as die Vierde Evangelie, stam die Eerste Brief van Johannes. Die verse I Joh. 5:7 en 8 kom eers in baie laat handskrifte voor en is duidelik 'n latere dogmatiesegeinspireerde byskrywing. Dit kan uit tekskritiese oorweginge glad nie gebruik word as bewysgrond vir die godheid van Christus nie. Daarenteen kan

I Joh. 5:20 wel daarvoor dien. Dit lui, „Ons weet dat die Seun van God gekom het en dat Hy ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken. Ons is in die Waaragtige deur sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en ewige lewe. Hierdie woorde staan tekskrities bo alle verdenking. Eksegeties is dit wel moontlik dat „die waaragtige God" hier op God, die Vader, en nie op Christus sien nie, want in Joh. 17:3 noem Christus God die Vader „die enige waaragtige God". Let mens egter op die nadruklike posisie waarin die woordjie, „hy", in die oorspronklike voorkom, lyk dit tog waarskynliker dat die uitdrukking hier slaan op die laaste Persoon wat in die voorafgaande sinadeel genoem word, naamlik op sy Seun, Jesus Christus. Dis opvallend dat dit ook hier gebruik word in verband met die verheerlike Jesus Christus, want Hy word hier voorgestel as in die skoot, of aan die boesem, van die Vader. Dan sê I Joh. 5:20 niks anders nie as Joh. 1:1, 18 en 20:28, naamlik dat Jesus Christus wat van God te onderskei is, tog God is soos God God is. Die brief eindig dus op dieselfde skema as die Evangelie volgens Johannes met die duidelike belydenis van die waaragtige godheid van Christus.)

In inhoud en tyd van ontstaan is daar ooreenkoms tussen die Brief aan die Hebreërs en die johanneise geskrifte. Ook in die Brief aan die Hebreërs word Christus ondubbelzinnig as God bely. Hebr. 1:5 en verder stel die gesag en wese van die Seun teenoor dié van die engele. Dan haal vs. 8 Ps. 45:7 en 8 (Septuagint Ps. 44:7 en 8) aan: „U troon, o God, is van ewigheid tot ewigheid". Hoofsaaklik word twee besware daarteen ingebring dat hierdie woorde op Christus slaan. Eerstens staan „o God" in die grieke oorspronklike nie in die gebruiklike vokatief nie. Die beswaar val egter weg as mens bedink dat dieselfde ongewone vokatief in die Septuagint, die grieke vertaling van die Ou Testament, talle male meer voorkom as die gebruiklike vorm. Verder word geopper dat die benaming God in die vers op God die Vader sien. Eksegeties is hierdie argument heeltemal onhoudbaar, want die begin van Hebr. 1:8 betrek dit uitdruklik op die Seun.

In Hebr. 1:9 word die ongewone vokatief herhaal in die sin, „daarom het, o God, u God U gesalf met vreugdeolie." Dat met „God" hier Christus en niemand anders nie bedoel word, blyk al daaruit dat „Christus" Gesalfde beteken. Die God wat deur God gesalf is, is sy Gesalfde, Christus.

Nes die Vierde Evangelie en I Joh. onderskei die Brief aan die Hebreërs duidelik tussen Vader en Seun, maar stel ter selfdertyd dat Christus God is soos God God is."

ALBERT GEYSER.
(Word vervolg).

- 1) C. K. Barrett, *The Gospel according to Saint John*. London, 1960. p.130.
- 2) O. Cullmann, *Die Christologie des Neuen Testaments*. Tübingen, 1967. p.272.
- 3) Joh. 21 is, soos welbekend, nie die oorspronklike slothoofdstuk nie, maar 'n bykomende slot.
- 4) Windisch-Preisker, *Die Katholischen Briefe*, Tübingen, 1951. p.135.
- 5) Jean Héring, *L'Epître aux Hébreux*, Paris, p.28.

APARTHEID BY DIE OPVOEDING VAN DIE MENS

Maar wat is die mens? As ons die teorie van die Kommunisme, dat alles wat bestaan, deur die werking van doelloose natuurkragte ontstaan het, dan moet ons aanneem, dat die mens 'n doelloose wese is, want 'n doelloose mag kan geen wese met 'n doel te voorskyn roep nie. Dan is menslike bestaan waardeloos en menslike waardigheid ondenkbaar, want hoe kan die mens 'n groter waarde of waardigheid besit as die klip, wat sy oorsprong aan soortgelyke natuurkragte dank.

Maar aan die bodem van ons Christelike geloof vind ons die woorde:

„Want so lief het God die wêreld gehad."

En liefde bevat altyd 'n bewering van werklike of moontlike waarde. Daarom neem ons aan, dat die mensdom en gevoldglik elke ras, elke stam of volk en elke individu 'n waarde besit. Want God kan in sy beoordeling geen fout begaan nie. Ons neem aan, dat God oneindig van mag is en dat sy wêreldestuur absolut, doelmatig en goed is. Ons neem aan, dat die indeling van die mensdom in ras, stamme en volk ooreenkomsdig is. Maar aangesien die welvaart van Suid-Afrika afhang van die vooruitgang nie van 'n enkele groep nie, maar van die welvaart van elke ras- en nasionale groep, wat tot die vooruitgang van Suid-Afrika kan bydra, behoort ons die wet soos volg te stel:

„Elke mens word gestuur tot die diens van sy eie volk en ras in die eerste plek." Elkeen wat dus weier om waar moontlik tot die gesonde vooruitgang van 'n vreemde groep by te dra, is ontrou aan ons land. Wie egter die gesonde ontwikkeling van 'n vreemde groep probeer verhinder, is skuldig aan versaad teenoor Suid-Afrika.

Maar dit spreek vanself, dat die eie volk en ras die eerste aanspraak mag maak op die dienste van die individu. Om saam te vat, ons neem aan, dat die mens nie die doelloose produk van doelloose natuurkragte is nie, maar dat Hy deur God geskep is met 'n bepaalde doel, nl. om 'n seker stuk werk te verrig in die diens van die stam en ras in die eerste plek.

Wat dan is die doel van Opvoeding? Van Kommunistiese standpunt is opvoeding ondenkbaar, daar kan slegs afrigting wees. Die funksie van die opvoedkundige is:

1. om die individu te help om tot kennis van sy eie talente te kom, sodat hy die rigting van sy eie funksie of sending kan ontdek.
2. Om die individu te help om sy eie talente te ontwikkel sodat hy sy plek later vrugbaar sal kan volstaan as lid van 'n bepaalde gemeenskap.

Aangesien die mens sover ons weet altyd in groepe gelewe het, sou ons ook mag beweer, dat die doel van opvoeding is die voorbereiding tot die burgerlike lewe, dus onder ander, die ontwikkeling van burgerlike houdings.

Ons wil ons aandag net by twee houdings, wat ons as onmisbaar beskou, bepaal, nl. waardebewussyn en samehorighedsbewussyn. Waarom Waardebewussyn?

1. Omdat geen mens op aarde gelukkig kan lewe, tensy hy van sy eie waarde bewus is nie.

2. Omdat geen mens sy medburger kan eer, voordat hy nie geleer het om homself hoog te ag nie.

3. Omdat geen denkende mens enigets sal onderneem, as hy nie meen dat hy oor genoegsame kragte beskik om die werk te voltooi nie.

Maar waarom Samehorighedsbewussyn? Om 'n paar dinge te noem:

1. Omdat die mens tot die diens van die eie volk gestuur is.

2. Omdat die mens heeltemal gerus kan voel, geheel kan onspan, homself ten volle

kan uitleef binne die eie groep.

3. Omdat die ywer en volharding van die mens afhang van die waarde van dit, waarvoor hy werk of veg. Ons mag dus groter inspanning verwag daar waar die mens vir die welvaart van sy volk as net vir eie belang veg of werk.

4. Omdat samehorighedsgevoel waarby liefde en hoogagtig vir die eie volk ingesluit is, van die grootste betekenis vir die ontwikkeling van die waardebewussyn van die individu is. Vir die ontwikkeling van Waardebewussyn moet ons in elke individuele geval, beklemtoon, dat die mens deur God gestuur is, dat ons dus moet aanneem, dat hy die nodige talente tot diens ontvang het, dat hy dus 'n moontlik waarde besit, wat tot 'n werklike waarde sal groei deur die ontwikkeling van sy talente en die gebruik daarvan in die diens van sy eie groep. „Wie die meeste wil wees onder julle, laat hom vir almal dien."

Die gebruik van die moedertaal van die kind is by die opvoeding gebiedend. Waar 'n vreemde taal gebruik word, daar moet die kind onder die indruk kom, dat sy eie stam of volk so agterlik is, dat die moedertaal nie as middel van opvoeding gebruik kan word nie. En, waar 'n vreemde taal gebruik word, daar word 'n slagboom vir die vooruitgang van die kind daargestel. Want voordat die kind iets kan leer, moet hy eers 'n vreemde taal aanleer.

Vir die ontwikkeling van Samehorighedsgevoel is dit gebiedend, dat die opvoeding van die kind gelei sal word deur goed opgeleide, maar ook sterk nasionaal of stambewuste onderwysers, wat tot dieselfde stam as die kind behoort. Want tensy die onderwyser self getrou is aan en trots is op die eie stam, hoe kan hy by die kind stamtrots en -liefde inboesem?

Elke mens het érens in sy wese 'n skildwag, wat so gou as dit die klanke van 'n vreemde taal hoor, waarsku: 'n Vreemdeling, moontlik 'n vyand! Maar waar die bekende klanke van die moedertaal gehoor word, daar sygg die skildwag. Daarom is die keuse van en die toesig oor die onderwysers van groot betekenis; die gebruik van die moedertaal bied geleentheld nie alleen vir leiding nie, maar ook vir misleiding.

Dit is algemeen geldige beginnels van opvoeding gegrond op die leer van die grootste opvoedkundige, wat ooit die aarde bewandel het, nl. Christus, maar dit is ook afleibaar uit volkservaring. Die ou opvoedkundige stelsel van die Voortrekkers, wat binne 'n betreklike primitiewe gemeenskap ontwikkel het, het beoog:

Die ontwikkeling van samehorighedsbewussyn, met die oog op die ontwikkeling van die wil tot diens van die eie gemeenskap. Die uitrusting van die individu met middelle tot diens van die eie gemeenskap.

1. Die opleiding van die individu as denker en redenaar;
2. As krygsman;

(Vervolg op bladsy 3)

PRO VERITATE

KRITIEK OP „PRO VERITATE”

NAAS talle brieue en boodskappe van gelukwense wat ons ontvang het van lidmate van ons drie Afrikaanse kerke met die totstandkoming van Pro Veritate het daar ook uit sommige oorde skerp kritiek gekom. Omdat die redaksie die mening toegedaan is dat die inhoud en gees van die blad sy beste antwoord op alle kritiek moet wees, is ons nie van plan om op elke artikel of brief van kritiek te antwoord nie. Dis ook nie moontlik of nodig om sodanige kritiek in die blad te herhaal nie behalwe waar daar valse voorstellinge gegee of foutiewe beweringe gemaak word wat verdien om reggestel te word.

Tog ag ons dit nodig om elders in die blad twee stukke oor te druk wat onder ons aandag gekom het. Die eerste is 'n inleidingsartikel van „Die Kerkblad“ (die amptelike orgaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika) van 13 Junie en die tweede is 'n brief van C. M. de Villiers van Pretoria wat verskyn het in „Die Burger“ van 12 Junie. Afgesien van die feit dat in laasgenoemde stuk daar geen enkele verwysing voorkom na of beroep gedaan word op die Bybel as die Woord van God nie, benader die skrywer die hele saak vanuit 'n politieke hoek en in 'n gesindheid wat ons net kan betreur. Daarom gaan ons nie verder op die inhoud van sy brief in nie behalwe om te antwoord op 'n bedekte insinuasie insake die fondse waardeur die uitgawe van die blad moontlik gemaak word. Daarom antwoord ons kortliks soos volg:

(1) **Geldelike Bronne:** Ten spyte van ons duidelike mededeling in die eerste uitgawe van die blad dat dit 'n geloofsonderneeming is wat afhanklik is van die steun van lidmate van die Protestantse kerke in Suid-Afrika, skyn dit ons dat sommige persone so graag verlang dat dit bevind en bewys kan word dat dit steun ontvang uit die buiteland — waarby by implikasie gesuggereer word dat dit die Wêreldraad van Kerke is wat hierdie steun verskaf. Laat ons dus nou dadelik (tot teleurstelling van sommige van ons kritici) hier sê dat geen belofte of bydrae vir die blad uit die buiteland aangevra of ontvang is nie en is daar ook geen voorname om sodanige steun te vra nie. Ons geldelike bydraes is afkomstig van lidmate — hoofsaaklik vanuit ons drie Afrikaanse kerke — wat deur klein bydraes van maand tot maand die publikasie van die blad moontlik maak en daardeur die onteenseiglike bewys lewer van die groot behoefté aan die bestaan van so 'n orgaan.

Geen lid van die redaksie of die administrasie of skrywers ontvang ook enige vergoeding vir dienste gelewer nie (hoevel ons geen rede sien waarom sodanige vergoeding nie aangebied mag word as fondse dit toelaat nie). Dis 'n liefdeswerk wat gedoen word uit diepte van die dringende noodsaak van sodanige getuienis.

(2) „**Blad sonder Standpunt**“: Wie met 'n eerlike en onbevange gemoed die inleidingskolomme van ons eerste uitgawe gelees het, sou daar verneem het dat hierdie blad hom duidelik en onmiskenbaar stel op die waarheid van die Bybel as die Woord van God. Met watter goeie reg kan die redakteur van „Die Kerkblad“ nou beweer dat die blad „sy kolomme oopstel sonder om self positiewe leiding te gee deur van 'n bepaalde standpunt uit te gaan“?

Die redakteur het dit verder teen die feit dat die blad geen spesifieke melding maak van die belydenisskrifte nie en dan stel hy die vraag: „is die belydenis dan nie die akkoord van gemeenskap nie?“ Daarop antwoord ons net: Natuurlik is die belydenis die akkoord van gemeenskap — maar is die belydenis die enigste voorwaarde van gesprek? Of is dit die Woord? Natuurlik verwag ons vanselfsprekend van elke Christen wat behoort aan kerke van Gereformeerde belydenis dat hy vir die waarheid sal getuig vanuit die standpunt van die Woord en sy kerk se belydenis — soos ons dit trouens ook van Christene van kerke met 'n nie-Gereformeerde belydenis verwag dat hulle vanuit die waarheid van die Woord en in die lig van hulle belydenisskrifte sal getuig. Maar as 'n blad nou die geleentheid tot sodanige gesprek en getuenis op grond van Gods Woord gee, is dit dan sonde? Bied dit dan alie huis die pragtige geleentheid aan Christene uit die Gereformeerde tradisie om die ryke inhoud van hulle belydenisse aan Christene van ander kerke te vertolk nie? En wat nou van hedendaagse vraagstukke waaroor ons belydenisskrifte nie spesifiek gehandel het nie: moet ons daarom gladnie daaroor tot 'n gesprek kom nie?

Ons kan nog baie meer antwoord — maar genoeg. Nog net dit: Moet die skerp reaksie vanuit sommige kringe nie toegeekry word aan 'n vrees dat die blad deur sy getuenis huis die volle waarheid van Woord en belydenis sal bevestig en die halwe waarhede van menslike tradisie en meninge sal onthloot nie? Ons laat dit aan ons lezers oor om self hieroor te oordeel •

'N BLAD OP 'N GEVAARLIKE GOLFLENGTE

Op 15 Mei j.l. het die eerste uitgawe van 'n tweetalige blad „Pro Veritate“, verskyn. Ons wil om twee redes na hierdie blad verwys. Eerstens blyk dit dat 'n groot aantal lezers van „Die Kerkblad“ die blad ontvang het, waarin 'n be-roep gedaan word om daarvoor donasies af te sonder en om op „Pro Veritate“ in te teken. Dit het daartoe gelei dat van ver-

skillende kante sterk by ons aangesdig is om in hierdie verband leiding te gee. Ons moet dit op prys stel dat daar vooraf eers gevra word: Hoe moet ons staan teenoor hierdie blad wat op die wyse by ons kom aanklop? Tweedens wil ons daarop wys dat in die eerste uitgawe van „Pro Veritate“ in die redaksionele artikel duidelik verklaar word dat die

blad homself wil aandien as „n noodsaaklike aanvulling . . . by wat die afsonderlike kerkblaate reeds in die kring bly.“ Dit bring vanselfsprekend mee dat „Die Kerkblad“ ook genoodsaak word om hom rekenskap te gee van sy standpunt ten opsigte van 'n blad wat naas die kerklike orgaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as „n noodsaaklike aanvulling“ sy plek wil inneem.

Ons uitgangspunt

Die Gereformeerde Kerk is 'n belydenis- en 'n belydende kerk. Hierdie feit moet voorop gestel word omdat dit vanselfsprekend deurslag moet gee, ook in ons konfrontasie met hierdie blad wat, soos sy redaksie te kenne gee, „Die Kerkblad“ noodsaaklikkerwys wil „aanvul“. Nou wil ons onomwonde verklaar dat, hoe goed die bedoeling van die redaksie van „Pro Veritate“ ook mag wees — daaragtter wil ons hoegenaamd geen vraagteken plaas nie — ons die blad nie as sodanige „aanvulling“ kan verwelkom nie. Waarom nie? Ons sal dit probeer verduidelik deur net op een sentrale beswaar te konsentreer.

Blykens die redaksionele artikel in hierdie eerste uitgawe onder die opskrif „Wat ons wil“, waarin die uitgangspunt, die beleid en die oogmerke van die blad uiteengesit word, is die bedoeling om in 'n oop gesprek, „deur vrye meningswisseling“, „alle vraagstukke wat die kerk van Christus en die koninkryk van God raak“ te laat bespreek, om sodoende „vanuit die lig van die Skrif“ te kom tot die waarheid. Op die manier moet dan „eerlik en onbevrees“ gesoek word na die waarheid en moet dit „bekendgestel“ word.

Die blad stel hom op die standpunt van die Skrif, maar dit doen Rome en die Biblisisme ook. Van die gesag van die belydenisskrifte en strenge konfessionele binding word hier egter met geen enkele

(Vervolg op bladsy 4)

APARTHEID BY DIE OPVOEDING VAN DIE MENS

(Vervolg van bladsy 2)

3. As landbouer en voeteler; en
4. As ambagsman in een of meer rigtings om in eie en gemeenskaplike behoeftes te voorsien.

Indien ons dit nie bale mis het nie, dan is presies dieselfde beginsels deur die Bantoe voor hulle aanraking met die blanke by die opvoeding van hulle eie jeug, gevolg.

Maar waarom apartheid in die opvoeding van die mens? Indien dieselfde eis vir die Bantoe as vir die blanke gestel word, dan moet daar aparte skole en universitaire inrigtings ontwikkel word vir elke stamgroep. Vir die ontwikkeling van waardebewussyn en samehorigheidsbewussyn is dit noodwendig dat die kinders van die Bantoe opgelei sal word deur middel van die eie moedertaal en deur stamtrotse lede van hulle eie stam. Waar kinders van die Bantoe toegelaat word tot skole of universiteite ingelig om in die behoeftes van die blanke te voorsien, daar word 'n kleurslagboom daargestel. Soos ons reeds gemeld het, moet die Bantoe nou eers 'n vreemde taal leer, voordat hulle iets kan leer. Verder, dit

word veronderstel dat die leer-gang van die blanke skool goed aangepas is om aan die behoeftes van die blanke leerlinge te voorsien. Dan kan daar geen rekening gehou word met die behoeftes van die Bantoe nie.

Jare gelede het 'n Bantoe-onderwyser die vraag gestel aan 'n dosent van die Universiteit van Pretoria: „Waarom laat julle nie Bantoe-studente toe tot die Universiteit van Pretoria nie?“ Hy kry toe hierdie antwoord: „Kyk, ons het die Universiteit van Pretoria opgebou om die jong mense van ons volk voor te berei vir die diens van ons volk, Indien julle nou wil hê, dat julle jong mense tot die diens van die Maboeroe opgelei sal word, goed, dan kan ons oor die toelating van Bantoe-studente tot ons Universiteit gesels. Maar as julle wil hê, dat julle jong mense opgelei moet word tot die diens van julle eie stam, dan moet julle die pad volg, wat ons geloop het en julle eie Universiteit opbou.“

Nog 'n belangrike punt is dit. Die blanke, wat opgroei binne die beskawing, wat deur sy eie ras ontwikkel is, vind homself heel natuurlik in harmonie met daardie beskawing terwyl die Bantoe hulself aan 'n vreemde omgewing moet aanpas. Dit bring die gevaa van die ontstaan van 'n minderwaardigheidsidee, by die Bantoe mee. Nou kom ons tot 'n besonder belangrike vraagstuk, 'n vraagstuk wat alleen deur die Bantoe self opgelos

kan word, nl. die vraagstuk van wetenskaplike opleiding vir die Bantoe in die eie moedertaal. Daar is vandaag verset by die Bantoe teen hierdie beginsel en tensy die Bantoe self hulle houding verander, sal die oplossing moeilik gevind kan word. Die Engelse spreekwoord sê: „You can lead a horse to the water, but you cannot make it drink.“ Maar ons is oortuig dat die verset van die Bantoe toegeskrywe mag word aan vooroordeel, aan misverstand, aan verkeerde inligting en aan 'n gebrek by die Bantoe om die inhoud en die omvang van die vraagstuk te begryp.

Hier kan die Afrikaner uit ervaring praat. Wanneer 'n man 'n sekere pad loop en hy raai 'n ander om 'n ander pad te volg, dan het die ander goeie rede om agterdogtig te wees. Maar wanneer hy self die pad loop, wat hy aan die ander aanraai, dan is daar geen rede vir agterdog nie. Wat is die pad wat die Afrikaner geloop het en nog loop? Omrent vyftig jaar gelede was wetenskaplike opleiding vir Afrikaners alleen in 'n vreemde taal, moontlik. Nou is dit waar, die individu kan soveel kennis van 'n vreemde taal of tale opdoen, as hy vir sy eie vooruitgang nodig het, maar dit is nie vir die hele volk moontlik nie.

'n Volk kan alleen deur middel van die moedertaal opgevoed word. En 'n aantal jong Afrikaners het dit ingesien en elkeen van hulle, waar hy in die

geleentheid was om nuwe kennis te versamel, het aan homself die vraag gestel: „Hoe kan ek dit in Afrikaans aan my eie volk duidelik maak?“ Want vyftig jaar gelede was die Afrikaanse taal nog die hoofsaaklike taal van boere, uitstekend ontwikkel vir die behoeftes van 'n boeregemeenskap, maar nie aangepas aan andere else nie. Toe die jong Afrikaners begin het, om 'n eie wetenskaplike taal te vorm, het hulle verset van verskillende kante ontmoet. Van die kant van Afrikaners, wat in plaas van Afrikaans, Nederlands wou invloed; van die kant van Engelse, wat beweer het dat ons nooit 'n Afrikaanse wetenskaplike taal sou kan ontwikkel nie.

Die Afrikaner het hierdie moeilikhed opgelos; hy het sy eie universiteite opgebou en 'n wetenskaplike taal ontwikkel sodat vandag 'n ongehinderde vloei van die wetenskap tot by alle dele van ons volk is.

Die regering kan die Bantoe help om eie universitaire inrigtings te ontwikkel, maar die ontwikkeling van 'n Bantowetenskaplike taal is die taak van die Bantoe self. Dit is 'n groot taak en dit eis die medewerking van die hele Bantoevolk, van die hoofde en leiers van die Bantoe, van alle intelligente Bantoe sowel as van die volk as geheel. Maar voor dit nie geskied nie, sal daar altyd 'n hindernis wees op die pad van die Bantoe tot volle ontwikkeling van hulle eie beskawing. Dit spreek vanself, dat wanneer die Bantoe hierdie saak ernstig aanpak, hulle sal kan reken op die volste steun van die Nasionale regering, sowel as van hulle talryke ware vriende onder die Afrikaners.

want die wetenskap mag vir hom niks beteken nie.“ Die woorde van dr. Willems was van toepassing ook op Suid-Afrika want vir die Afrikaner van daardie dae was wetenskaplike kennis toegesluit in 'n vreemde taal. En vir die Bantoevolk is die wetenskap vandag nog toegesluit in 'n vreemde taal.

Die Afrikaner het hierdie moeilikhed opgelos; hy het sy eie universiteite opgebou en 'n wetenskaplike taal ontwikkel sodat vandag 'n ongehinderde vloei van die wetenskap tot by alle dele van ons volk is.

Die regering kan die Bantoe help om eie universitaire inrigtings te ontwikkel, maar die ontwikkeling van 'n Bantowetenskaplike taal is die taak van die Bantoe self. Dit is 'n groot taak en dit eis die medewerking van die hele Bantoevolk, van die hoofde en leiers van die Bantoe, van alle intelligente Bantoe sowel as van die volk as geheel. Maar voor dit nie geskied nie, sal daar altyd 'n hindernis wees op die pad van die Bantoe tot volle ontwikkeling van hulle eie beskawing. Dit spreek vanself, dat wanneer die Bantoe hierdie saak ernstig aanpak, hulle sal kan reken op die volste steun van die Nasionale regering, sowel as van hulle talryke ware vriende onder die Afrikaners.

J. HEYL.
Potgietersrus.

Christian Love: RADICAL DEMONSTRATION

In an article in "Pro Veritate" there was a plea made for some radical re-thinking about Christian Love. This is very necessary and all to the good but it must surely lead on to the radical demonstration which shows as plainly as a pikestaff that Christian love can out-love the pagan and the humanistic world about us. Unfortunately we have very little evidence in our church life of the power of Christian love. Few of us have allowed ourselves to be surprised or taken unawares by the power and purity of this love. When this happens things become possible which were quite impossible before.

Most of us agree in principle about loving God and loving our neighbour but there is a wide divergence about the practice of this love. Some of us, to our joy, have found that the normal channels which folk use to express their love can also be used to communicate the love of God to our fellows. There is of course a wholly different emphasis: this love is always seeking to give and not to get, it has no strings attached. When we put our emotions completely at the disposal of God, some of us find that we can express our love far more freely than we have ever done before. Seldom are our actions misunderstood and there are no entanglements like those who love on a human level. More of us need to experience this glorious freedom in Christ. In the past I have been far too tentative and cautious and now I realise that I must let folk know implicitly as well as explicitly

that I love them. This passionate love which we can receive from God must be expressed in our lives in a thousand and one ways but not the least in gestures of affection which commonly demonstrate love.

Christian love is no flabby, sentimental emotion, but it is emotion and we should use and consecrate this emotion: it demands the highest of the person loved and at the same time provides much of the encouragement and power necessary to meet that demand. Underneath this rather radical expression of God's love there pass the silent hours of prayer and meditation. It is virtually impossible to live in this dimension where the very love of God is reproduced in you without much time spent in His presence. But that time, knocked off sleeping hours is just not needed for physical health because as Agnes Sanford says: "Christian love is a powerful, radiant and life

giving emotion, charged with healing power both to the one who learns to love and the one who is loved." While Nels Ferre says: "Those who love are free from themselves in proportion to their depth of their love for others."

Most folk, most Christian folk have not experienced the power and wonder of Christian love because they have been afraid. Their minds are bedevilled by "eros" and they have never broken through to Christian love in any depth. If our commitment to Christ is real then we can love freely and through our love we will see others released to express this love to their friends. A pretty sure test of the validity of this love is whether it is releasing the one loved for greater work and witness and worship. Not for twenty years have found such reality and joy in Christian living since I radically put into practice the New Testament commands to love God and to love my neighbour as I love myself. They have come down from the academic, intellectual level into ordinary everyday living. And in doing this all relationships are touched with a divine element that tends to make life sparkle.

DANTE ANDERSON.
Roodepoort.

KRITIEK OP „PRO VERITATE”.

(Vervolg van bladsy 3)
woord gespreek nie. Ten grondslag van die hele benadering lê die gedagte van 'n godsdienstige geloofsgemeenskap. Ons het hier te doen met 'n skip sonder vlag op die waters wat deur elke wind in 'n ander rigting gevoer kan word, sonder 'n vaste, konfessionele lyn, soekende na die waarheid. Dit is 'n blad wat sy kolomme oopstel sonder om self positiewe leiding te gee deur van 'n bepaalde standpunt uit te gaan. Dit is 'n Areopagus, 'n „Hyde Park”, wat aan elkeen die geleentheid bied om sy saak te stel, sonder dat daar uitsluitsel gegee word oor wat nou die waarheid is en wanneer dan nou die waarheid gevind is. Uit die eerste uitgawe blyk reeds in oorvloedige mate dat „die vraagstuk van rasse- en kleurverhoudinge” skering en inslag sal wees. Dit word in die vooruitsig gestel dat daar in „Pro Veritate” se kolomme „groot meningverskil oor brandende vraagstukke” sal wees. Die „mees uiteenlopende standpunte” sal gestel word. Dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat hierdie blad met sy oop gesprek oneindige verwarring gaan stig en help bevorder, juis omdat hy self geen koers het of dit dan tenminste, soos uit die redaksionele artikel blyk, nie van plan is om aan te dui nie. Met reg kan ons seker die vraag stel: Waarheen wil „Pro Veritate” presies? In die eerste uitgawe word reeds liberale gedagtes kritiekloos by die lezers ingedra. Is so 'n orgaan sonder sterk positiewe leiding nie 'n ulters gevarelike projek nie?

'n Brug tussen die kerke

Die redaksie gee in sy hoofartikel te kenne dat langs dié weg die kerke nader aan mekaar gebring moet word sodat daar „'n verenigde getuenis” kan wees. „Deur die samestelling van die redaksie uit evangeliedienarens van verskillende Protestantse kerke word uitdrukking gegee om hierdie suiwer Bybelse eenheid te bevorder.” Dit is tog duidelik dat wanneer byvoorbeeld 'n predikant van die Gereformeerde Kerk op die redaksie geplaas word, hy nie namens hierdie kerk kan spreek nie. Die Algemene Sinode spreek namens die kerk en die het ook

inderdaad standpunt ingeneem ten opsigte van die „vraagstuk van rasse- en kleurverhoudinge”. Die Sinode het verder ook wel deeglik 'n offisiële, ordelike weg daar gestel vir 'n interkerklike gesprek en het sy benadering in hierdie saak baie duidelik prinsipieel gefundeer. Maar wat meer is: die redaksie van „Pro Veritate” verstaan in sy hoofartikel dat hy deur die „vrye meningswisseling” in hierdie stuurslose blad „n dieper eenheid van geloofsgemeenskap en gesamentlike getuenis tussen die verskillende kerke” wil bewerkstellig. Nou stel ons die vraag: is die belydenis dan nie die akkoord van gemeenskap nie? Dan alleen kan dit tog volgens ons gereformeerde standpunt die saak van die waarheid dien. Hierop berus dan juis ons ernstige bedenkinge teen die hele uitgangspunt en strewe van die valse ekumenisiteit soos dit veral in die Wêreldraad van Kerke vandag sy beliggaming vind, ten spyte daarvan dat hierdie organisasie tog ook pretendeer dat hy hom stel op die standpunt van die Skrif.

Ons sou nog meer punte van baie ernstige beswaar na vore kon bring, maar ons meen dat dit reeds genoegsaam duidelik behoort te wees dat dit heeltemal uitgesluit is om hierdie blad met sy klaarblyklik liberale inslag te kan sien as „n noodsaaklike aanvulling” by „Die Kerkblad” van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

C. M. DE VILLIERS, Schoemanstraat 1085, Hatfield, Pretoria, skryf:

Die aakklike integrasie-monster bekruipt tans weer ons Afrikanervolk — nie in sy naakte gedaante van Boerehaat en geldsug nie, maar uitgevat met Sondaggesig en kerkklere, en daarom vir ons op sy allergevaarlikste! Die eis om rasse-integrasie, en daar mee noodwendig ook nasionale selfmoord, kom naamlik nou tot die Afrikaner in die taal en in die naam wat hom in die diepste van sy wese roer en waarnaan hy geleer het om homself onvoorwaardelik te onderwerp: dié van sy Here en sy kerk.

Hierdie Sirenesang is aanvanklik slegs deur enkele N.G. predikante aangehef, dog in die boekie Vertraagde Aksie het predikante

van die Hervormde en die Gereformeerde Kerk hul stem daarby gegevaar, en by die Cottesloe-beraad het die meeste N.G. Kerk-afgevaardigdes daarvoor geswig. Die sinodes van die Transvaliese en die Kaapse N.G. Kerk het die integrasie-eis op besliste wyse verworp (hoewel die Cottesloemannetjie met 'enkele uitsonderinge nog stellig in hul moderatuurstope en professorale leerstoel sit), en daarvlieg was die deursnee-lidmaat volkomme gerusgestel — soos dit nou wil blyk, ten onregte. Die blad „Pro Veritate” het naamlik pas sy verskyning gemaak, en in die eerste uitgawe word kerklike integrasie met hernieuwe ywer gepropageer (ook met geïntegreerde stem, teoordele na die samestelling van die redaksie, en 'n mens mag tog seker ook vra: uit watter gelyklike bronne?).

Vir die N.G. lidmaat is die onstellendste in die jongste verwikkeling egter dit: die nuwe blad wil klaarblyklik die Cottesloe-„hoodskap” voortdra ondanks die ondubbelinnige verwering daarvan deur ons hoogste kerklike instances, maar ons verneem asnoog geen woord van teenspraak of protes van die kant van die N.G. leiding, sy kerkrade of lidmate nie. Is die Kerk so geimponeer of reeds dermate vir integrasie gekondisioneer?

Die Geyser-saak

Veel ernsiger nog. Die Geyser-saak word in N.G. kringe aangegrype (weliswaar, na ons hoop en glo, slegs in gesoleerde gevalle) om die kerk waarvan prof. Geyser predikant was, onder verdagte lig te stel en also die sprekkwoorde „vlieg af te vang”. Maar laat ons dit ruiterlik en onomwonde erken (en ek doen dit as lidmaat van die N.G. Kerk): die Hervormde Kerk het by Cottesloe pal en manmoedig gestaan toe ons eie kerk in magteloosheid voor aartsbiskop De Blank en sy medestanders geswig het.

Die Hervormde Kerk staan onteenseiglik as 'n bastion van ons so gesmade, maar nogtans onaantastbare skeidingsbeleid. Wie weet, bly hy nog op kerklike gebied die enigste toevlugsoord van apartheidsgesindes wanner (wat God genadiglik verhoed!) die ander Susterkerke uiteindelik voor die integrasie-magte mag swig.

Oordenking

DIE SKEIDSMUUR AFGEBREEK

„Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middemuur van skeiding afgebreek het . . .” — Ef. 2:14.

Paulus skryf hier aan Christene in Efese wat kort vantevore nog heidene was. Hy herinner hulle daarvan dat hulle vroeër sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Tenoor die „vroeër” staan die „nou”. Nou het julle wat ver was, so vervolg die apostel, naby gekom deur die bloed van Christus. In hierdie woorde vind die profesie van Jesaja, eue vantevore, sy vervulling: „Ek skep die vrug van die lippe; vrede, vrede vir die wat ver en die wat naby is, sê die Here.” Die bloed van Christus verteenwoordig in hierdie verband sy hele versoeningswerk. Deur sy verlossing breek Hy die middemuur van skeiding af.

Ons moet hierdie middemuur van skeiding sien in die betekenis van „omheining”. God het sy volk beskerm, omhein met wette vir elke lewensgebied. Wanneer Jesus Christus nou deur sy lyde, sterwe en opstanding die middemuur van skeiding afbreek, beteken dit nie dat Hy die ou wette opsy skuif of vernietig nie, maar dat Hy hulle vervul. En deur die vervulling van die wette val die omheining wat Israel van die ander volke geskei het, weg. Nou is die ruimte van genade oop vir die Efesiërs en vir almal wat waarlik in Jesus Christus as hulle Verlosser en Saligmaker glo.

Dit het vir die Jode wat Christene geword het nie maklik gegaan om die vooroordele teen die heiden-Christene te oorwin nie. Die stryd van Petrus en die apostel-konvent wat later gehou is, getuig daarvan. Die Jood mog immers die huis van 'n heiden nie binnegaan; hy mog hom nie eers met die hand groet nie. In die strikte wetsonderhouding was sy heil geleë.

Aan die ander kant het die heiden-Christene hulle gedurig gekwel oor die vraag of die Christene uit die Jode hulle as mede-geloofsgenote sou aanvaar. As nie-Jode mog hulle die tempel nie binnegaan nie. Ook kon hulle die godsdiens van die Jode slegs aanvaar as hulle bereid was om as „bekeerlinge” volkome met die Joodse volk een te word.

Al hierdie onsekerheid en spanning is verbreek deur die middelaarswerk van Jesus Christus. Die skeiding is weg, die muur is met die grond gelyk gemaak. Daarom kan die apostel dit uitjubel: deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. Die vreemdelinge word mede-burgers van die heiliges en die bywoners word huisgenote van God. As die Skrif érens duidelike taal spreek, doen hy dit seker hier.

Hierdie gedeelte uit die brief aan die Efesiërs is vir die verhouding tussen die gelowiges uit die verskillende rasse in ons land van die allergrootste betekenis. Vanselfsprekend is daar verskillende tussen toestande van die tyd waarin die brief geskryf is en dié wat ons vandag belewe. Daar is egter ook groot ooreenkoms.

Vandag dink ons oor die algemeen nie meer dat die evangelie van Jesus Christus „slegs vir blankes” is nie. Die mense onder ons wat gesê het dat die enigste „evangelie” vir die swartman die sambok is, het baie min geword. Tog is daar nog duisende mense wat hulself gelowiges noem, wat in 'n sfeer van geestelike meerderwaardigheid lewe. Dit is hulle wat reken dat 'n gelowige uit die blanke ras geestelik vanselfsprekend op 'n hoë trap staan as 'n gelowige uit 'n ander ras. Die gevolg daarvan is dat daar op 'n mede-gelowige uit 'n ander ras neergesien word. Daarom word die kontak dan ook tot 'n minimum beperk. Terwyl Christus die skeidsmuur afgebreek het, word van die kerkmure 'n nuwe skeidsmuur gemaak.

Wanneer Paulus hierdie woorde aan die Efesiërs skryf, bedoel hy beslis nie daarvan dat die heidene wat Christene geword het, nou in die Joodse volk moet opgaan nie. Ook verwag hy nie dat die Jode-Christene nou hulle afkoms moet verloën nie. Hy wys egter op Jesus Christus wat deur sy dood die vrede bewerk het en daarom verlang hy dat Jode-Christene en heiden-Christene mekaar rondom die kruis sal ontmoet in eenheid van die ware geloof.

En dit eis God van ons: dat ons, met behoud van die verskeidenheid wat daar tussen gelowiges uit verskillende volke bestaan, die geskeidenheid deur die geloofs-eenheid sal vervang.

Hierdie eenheid moet nie alleen geglo word nie, dit moet ook van tyd tot tyd en by besondere geleenthede gesien word. Jesus Christus het die skeidsmuur afgebreek. Wie is ons wat handel asof dit nooit plaaggevind het of wat, nog erger, weer nuwe mure in die plek daarvan wil oprig? Ook in hierdie opsig moet ons ons deur die Woord van God laat lei. Ons moet in Jesus Christus ons vrede sien. Hy het deur sy kruisverdienste vrede tussen God en die mens bewerk. En op grond daarvan roep Hy ons op om mekaar te sien en te waardeer as gelowiges vir wie Jesus Christus sy lewe gegee het.

Hy is ons vrede. En salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word!

G.

Die verbreking van GEMEENSKAP

Vir die Christen is daar twee soorte gemeenskap, nl. vertikale en horizontale gemeenskap. In 1 Kor. 12 : 12, 13 lees ons hierdie belydenis: „Want netsoos die liggaam een is en bale lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.“ Baie duidelik beskrywe die apostel hier die noue verbintenis tussen ons en Christus en tussen ons as Christene onderling en dit lyk vir my asof hy presies dit bedoel — en is dit 'n verdraaiing van die Skrif om hierdie heerlike waarheid onder sekere omstandighede te verwater tot 'n gemeenplaas. Dit is die ideale toestand. So behoort die gemeente van Christus te wees: onlosmaaklik verbind aan Hom wat ons uitverkies het; geheg aanmekaar met die bande van liefde en van die geloof in 'n gemeenskaplike Verlosser!

Ons vraag is nou: Tot hoe 'n mate bestaan hierdie ware gemeenskap nog tussen Christus en sy gemeente en tussen die lede van sy gemeente? Dit is eintlik nie moontlik om die een soort gemeenskap van die ander te skei nie, want die Heilige Skrif sê: „wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?“ (1 Joh. 4 : 20). Tog wil ons eers kyk na die oorsake van die verbreking van gemeenskap met die Drie-Enige God.

Een van die oorsake van hierdie verbreking van gemeenskap is begeerlikheid. Die tiende gebod noem reeds 'n reeks dinge wat ons nie mag begeer nie; want daardeur dwaal ons weg van God af. Soos Jakobus skrywe: „as die begeerlikheid ontvang het, daar dit sonde,“ (Jak. 1 : 15) en alle sonde is opstand teen die Skepper en met Iemand teen wie ons in opstand kom, kan ons nie gemeenskap hê nie.

Armoede kan dikwels die oorsaak wees van die verbreking van gemeenskap. Die Spreuke-digter bid „dat ek nie as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.“ (Spr. 30 : 9). Selfs Christene regverdig soms diefstaal as dit gepleeg word omdat iemand honger het. Sommige Christene murmurere teenoor die Voorsienigheid as hulle gebrek moet ly en raak so vervreemd van hul Hemelse Vader.

Die teenoorgestelde kan ook waar wees; want in dieselfde teks wat ons hierbo aangehaal het, lees ons: „dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie en sê: Wie is die Here?“ Deur tydrom en voorspoed is baie Christene al op 'n dwaalweg gelei. Vergetende wie die Goeie Gewer is, word die beurs dan gesluit vir die werk van die Here. So dikwels lei voorspoed tot geldgierigheid — dan wil ek ten alle koste (selfs ten koste van die heerlike gemeenskap met God) bymekaar maak en later dink ek net in terme van aardse goedere.

Hoe dikwels val ons nie voor die versoeking wat deur Balak na Bileam gekom het nie; „ek sal jou baie hoog ver eer.“ (Num. 22 : 17). Ek wil so graag die voorsitter wees, ja, ek smag na die verering deur mense. Dit word so 'n obsessie by my dat ek selfs die bevel van my God terwille van eer sal oortree. Selfs vrome Christene matig hulle eienskappe van God aan. Of „edeler“ nog soek ons nie na eie eer nie maar ons gee graag die eer aan mense.

Is dit nie waar dat met die woelingte verlede jaar talle goele Christene nie biddend na die Woord van God gegaan het

nie maar agteroor gesit het en gewag het op beslissing en uitsprake van Sinodes — asof die woord van mense die laaste woord bokant dié Woord het. Die wet van mense dra dikwels by ons groter krag as die Wet van God.

En dan is ons verwonderd as ons seen mis. Hoe kan ons sy gawes ontvang as ons nie in noue gemeenskap met Hom lewe nie. Want dit bring mee dat ons nie volle gebruik maak van die gawe van gebed nie. Dit is dikwels moeilik om te bid as daar 'n skuldige gewete in my is — of miskien bid ek soos die Fariseer! Ek kan sonder ge-

Hierdie artikel uit die pen van een van die sendelinge van die Ned. Gereformeerde Kerk is die eerste in 'n reeks van vier waarin agtereenvolgens gehandel sal word oor: Die Verbreking van Gemeenskap; Die Herstelling van Gemeenskap; Die Rol van die Kerk in hierdie Herstelling; en Die Praktiese Uitwerking daarvan.

meenskap ook nie sy Woord met soveel vrymoedigheid lees nie. Sien u: die een is die oorsaak van die ander — as ek ontrou word in my Bybelstudie word die gemeenskapsbande swakker en hoe swakker hulle word des te ontrouer word ek met my Bybelstudie. Dieselfde geld vir my kerkbesoek.

Die tragedie is egter dat ek — soos Saulus — 'n getroue bidder, Skrifleser en kerk-ganger kan wees en tog die ware gemeenskap met God kan mis; huis omdat ek in die kerk-like tradisie en atmosfeer groot geword het, maar nog nooit op my Damaskuspad van aangesig tot aangesig met Jesus Christus gekom het nie.

Een van die beste bewyse dat daar nie gemeenskap tussen my en my Here is nie is wanneer ek nie getulenis na buite lewer nie. Ons wat onsself sy kinders noem, is geroep om die deugde van God te verkondig en as ons dit nie ten alle tye en onder alle omstandighede doen nie, word die gemeenskap verbreek.

As ons ondersoek instel na die gemeenskap tussen gelowiges is daar eintlik net een woord wat voorop staan: LIEFDE! Wat is dit wat gemeenskap verbreek tussen Christene? Vooroordeel. So baie wanverhoudinge word gebore uit vooroordeel. (Hier wil ons nie eers ingaan op die veel-oordel nie.) Hoekom is daar vooroordeel? Omdat ek my naaste nie ken nie. Hoekom ken ek hom nie? Omdat ek hom nie lief genoeg het om in hom belang te stel nie.

Wat hou ons blankes en nie-blankes — ek bedoel in die eerste plek Christene — weg

van mekaar? Vrees! En ons vrees mekaar huis omdat ons mekaar nie liefhet nie; want „die volmaakte liefde dryf die vrees buite.“ (1 Joh. 4 : 18). 'n Blanke het aan een van die nie-blanke leiers gevra: „Wat gaan julle met ons maak as julle aan bewind kom?“ Sy antwoord was: „Net wat julle met ons gemaak het.“ Hou hierdie antwoord vir die blankes vrees in dan is dit 'n erkenning van liefdeloosheid en dan moet ons bid dat hulle nie kwaad met kwaad sal vergeld nie . . . dan sal selfregverdiging my nie beskerm nie!

Aan die een kant praat ons van brûe bou en aan die ander kant breek ons hulle af. Ons moet mekaar in Christus liefhê: maar dan moet dit op 'n afstand wees. Ons moet een wees in Christus: maar dan eers in die hiernamaals! Een enkele Christen-Indiër op 'n dorp mag nooit die gemeenskap van die heiliges smaak nie — by die Bantoe is hy nie huis nie en by die blanke mag hy nie saam kom aanbid nie. Selfs onder Christene van dieselfde kleur en belydenis gaan die gemeenskap dikwels nie verder as die saamwees daar in die kerkgebou nie. As ons by die kerk uitkom, probeer ons om so gou as moontlik so goed as moontlik weg te kom van mekaar of.

Die gemeenskap tussen God en mens en tussen mens en mens word op allerlei maniere (sekerlik buite die wil van God om) verbreek. Die gemeenskap tussen verskillende kerke is tot 'n groot mate reeds verbreek. Miskien is dit omdat ons leer — ek praat nie van belydenis nie: want ons bely tog seker almal dieselfde Jesus — al hoer op die leer staan as ons broederlike liefde.

Ons kan maar net vra: Hoe lank sal die Almagtige God dit nog gedooog? En dan bid dat Hy ons genadig moet wees ten spye van ons neiging weg van Hom en sy Woord!

Phil Loots.

Die Kerk in die Wêreld

DIE EKUMENIESE VRAAG VOOR DIE NEDERLANDSE KERKE

Op 24 April 1961 het 18 predikante van die Nederlandse Hervormde Kerk (3 miljoen lidmate) en die Gereformeerde Kerk (750,000 lidmate) gesamentlik 'n verklaring uitgebreik dat die tyd gekom het dat die twee kerke wat 90 jaar gelede geskeur het, nou weer moet vereenig. Hulle het gesamentlik ook 'n boekie gepubliseer: „Van kerke na Kerk“, en dit veral onder die lidmate van beide kerke versprei as 'n basis van bespreking. Hierdie publikasie het 'n lewendige besprekingspunt geword, en duisende lidmate van albei kerke het reeds hulle steun aan die plan toegegaan. Op 26 Mei is 'n massabyeenkoms in Utrecht gehou, en die sprekers by hierdie geleentheid was: Prof. Hendrik Berkhof van die Nederlandse Hervormde Kerk, en ook lid van die sentrale komitee van die Wêreldraad van Kerke, en prof. De Gaay Fortman van die Gereformeerde kerk.

Wat hou ons blankes en nie-blankes — ek bedoel in die eerste plek Christene — weg

SINKRETISME IN DIE SENDING

Sedert die sondeval is sinkretisme die probleem van die mensheid. Om God met 'n onverdeelde hart te dien is vir die mens onmoontlik. Die mens gee maar altyd sy hart aan iets anders ook, en slaag meesterlik daarin om twee teenstrydige ideologieë of godsdienste in sy hart te huisves, met die gevaar om die een aan te hang en die ander stadigaan op die agtergrond te skuif.

Dit is die sendingondervinding van elke dag. In die evangelisering van die heiden beteken bekering uiters selde 'n finale en radikale breuk met die ou godsdienst en 'n heelhartige aanhang van Christus. Bekering kan veleer gesien word as die draai-punt van waar steeds voortgegaan word om die oue af te breek en die geloof in Christus opgebou word. Daarom is sendingwerk in so'n groot mate opvoeding van die geloof. Dit is ook geheel in die gees van die laaste opdrag van Jesus, nl. om leerlinge te maak en hulle te leer „om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.“

By baie lidmate van die sendingkerk leef die geloof in die ou gode, t.w. die voorvadergeeste, nog sterk; soms slegs sluimerend, maar as daar siekte of dood of rampe kom, vlam die stryd tussen Christus en die voorvadergeeste weer op, en word heel dikwels meegevoerd met die ou ritusse om die voorvadergeeste se guns en hulp te verkry, omdat die vertroue op Christus dan wankel. As die medisyne van die blanke en die gebed van die leraar nie help nie, is daar altyd nog 'n laaste hoop: die toordokter en die voorvadergeeste. By lidmate wat egter in die kerk groot geword het, in 'n christelike huis, het hierdie ou godsdienst heelwat verbleek, en sal hulle met die ritusse meedoorn sonder 'n heelhartige vertroue op die voorvadergeeste. Die gewoonte se inhoud word kleiner, en by party is die geloof in die gode van die vaders in der waarheid dood.

Maar nou vind ons die tragiese verskynsel van die versplinterde christendom in Suid-Afrika, waarin baie predikers nie die waarheid reg sny nie, en waarin die eis van Christus alleen nie orals so helder klink nie. Die oorgrote meerderheid van die meer as 2,000 separatiestbewegings is ook gestig deur mense wat self nog net met die een hand aan Christus verbonden is, en in hulle verkondiging en gebed vind die voorvaderverering nog 'n substantiële deel.

Ja, in baie gevalle is die christelikheid slegs 'n vernis of slegs in die naam. So vind 'n mens lede van die kerkgenootskappe wat met groot sekerheid bely dat Jesus vir hulle sonde aan die kruis gesterf het, en die volgende oomblik roep hulle hul voorvadergeeste aan om hulp in die geringste sake, sonder melding van die naam van Christus in die gebed. Die kruissimbool word 'n amulet om bose geeste weg te hou soos in die ou christendom ook gebeur het. So vind 'n mens in die kamers van sommige Sioniste 'n menigte swart kruise op die mure geteken as beskerming teen siekte.

Die proses het selfs verder ontwikkel. Dinge wat in die verlede nooit van die voorvadergeeste verwag is of waarvoor hulle hulp gevra is nie, word nou op voetspoor van die christendom wel gevra. Die gebedspraktyk van die christendom word in die kwasi-

christendom gebruik.

Ook interkerklike verenigings beoefen hierdie sinkretisme. Een so'n vereniging aan die Rand beskou hulle self as die geheiligdes wat as lidmate uit verskillende kerke in selle of „fonteine“ byeenkom. Die woorde wat by hulle groot krag dra is vuur, bloed, geluid (van donderweer), water, almal woorde wat groot betekenis het in die Bybel, maar wat netso 'n groot betekenis het in die voorvadergodsdienst.

Die oordeel van Jesus is sekerlik van toepassing op alle vorme van sinkretisme: „Niemand kan twee here dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag.“

Bestryding bemoeilik.

Om die sinkretisme in die kring te bestry word grootliks bemoeilik deur o.a. die volgende probleme: 1. Oppervlakkige katkisasie deur kategete wat self geen duidelikheid van die leer het nie. Daar is selfs geen uitgewerkte katkisasieboek beskikbaar in die Bantoetale nie; slegs die Kort Begrip word uit die hoof geleer. 2. Die prediking ly skipbreuk deurdat so veel op ouderlinge en diakens gesteun moet word. Die leraar kom miskien slegs eenmaal per maand by 'n diensplek uit, soms slegs vir Nagmaal. Verder word die dienste deur ouderlinge en diakens gehou wat geen afrigting ontvang het nie, wat weinig gebruik maak van preeksetse en nooit 'n leesdiens hou nie!

Om sinkretisme by die separatiestre te bestry lewer 'n probleem. Word hulle lidmate dat hy homself as lid van 'n christelike kerk beskou, en jy word as 'n proselietmaker afgeweys of in die hart afgeskryf. 'n Ander moontlikheid is om 'n mate van erkenning aan die groep te verleent en dan te poog om die kerke te lei tot groter aanvaarding van Christus in hulle lewe. Daarmee kom jou kerkbegrip in gedrang en dit is 'n ope vraag of dit wel uitvoerbaar is.

Die bestryding van sinkretisme moet aangepak word deur intensiewe huisbesoek by lidmate en nie-lidmate van die eie kerk, beter afrigting van predikers en 'n stewiger katkisasie!

F. S. MALAN.
Johannesburg.

BOEKES — BOOKS

Principle and Practice in Race Relations (according to Scripture) by J. C. G. Kotzé — S.C.A. Booksellers, Stellenbosch.

A review of this publication will appear in our next issue. Die Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal, deur dr. W. D. Jonker (Nr. 4 in Reeks: Kerk en Wêreld). Prys 40c.

'n Volledige resensie van hierdie belangrike brosjure verskyn in ons Augustus-uitgawe.

Indrukke uit die Buiteland.

INDIË Land van hoop en wanhoop.

As 'n mens op die internasionale lugmawe van Bombai, Nieu-Delhi of Kalkutta afklim, is die eerste wat die oog vang 'n groot kennisgewing. Ja, as Suid-Afrikaner verwag ons mos 'n kennisgewing waarop staan: Honde en Suid-Afrikaners nie toegelaat nie. Hoe baie keer moes 'n mens hierdie storie nie in Suid-Afrika aanhoor nie, van verantwoordelike sowel as van onverantwoordelike mense.

Die kennisgewing wat op al hierdie lughawes pryk, is beslis iets buitengewoons, want ek het oor die hele wêreld geen sodanige kennisgewing gesien nie. 'n Groot kennisgewingbord . . . met die portret van die Indiese premier, Nehru, daarop, en langsaan in duidelike skrif: „Verwelkom elke buitelandse besoeker as 'n gas en 'n vriend". Dit was vir my 'n skok, want ek sou ook so graag 'n storie wou skryf oor die vyandigheid van Indië . . . dit sou beslis sensasie wees.

Maar Indië oorweldig die besoeker as land van uiterste kontraste . . . Hoop en Wanhoop.

Indië is grootliks nog 'n landelike streek, met nie minder as 'n halfmiljoen dorpies of „villages" waarin die landelike bevolking saamgetrek is. 85% van die bevolking van Indië woon nog op die platteland, en een van die groot stede van Indië het meer inwoners as wat Suid-Afrika se hele blanke bevolking tel. Indië is 'n uiters armoedige land, en tel 40% van die wêreld se onderontwikkelde mense. Maar Indië is besig om moedig vorentoe te beur. Kennis is mag, en so sien 'n mens die smag na kennis nie net in die talle skole wat almal tot oorlopens toe vol is nie, maar veral by die talryke universiteite. Die Universiteit van Delhi met sy pragtige moderne geboue, agt fakulteite en 23,000 studente hou die sprankie van hoop vir mōre, terwyl die wanhoop van vandag nog hoogty vier. Onderwys in Indië is tans verpligtend vir alle kinders tussen die ouderdomme van 6 en 11 jaar, en die verwagting is dat verpligte onderwys spoedig na 16 jaar verhoog sal word. Hoewel nog sowat 60% van die bevolking van Indië totaal ongeletterd is, daal hierdie getal vinnig, en die verwagting is dat oor 5 jaar daar veel minder ongeletterdes sal wees. Is Indië skaam oor sy agterlikheid? Nee, beslis nie; hulle sien dit as die gevolg van wat hulle noem „koloniale uitbuiting." Hulle gee Engeland die skuld vir die hoë persentasie ongeletterdes, en wys op die verbetering van die onderwys sedert die verkryging van onafhanklikheid in 1948.

'n Tweede belangrike ontwikkeling in die Indië van vandag is die snelle industriële ontwikkeling van die land. Die sitting van die Wêreldraad van Kerke in Delhi het die vele minder aandag getrek as die Indiese Industriële Skou. In twee geboue wat aangrensend is, het Amerika en Rusland hulle ware uitgestal. Amerika se aeromobile, die voertuig wat op 'n lugkussing voortbeweeg, en Rusland se Yuri Gagarin, was die vernamste aantrekingskrag van die buitelandse lande. Wat egter in Indië gefabriseer word, was vir my 'n ontnugtering. Indië voer nou lokomo-

tiewe uit wat eiehandig van kop tot tone in Indië vervaardig is, en 'n vliegtuig wat kompleet in Indië vervaardig en gemontereer is, het sy toetsvlugte suksesvol uitgevoer. Die Industriële skou in Delhi was 'n overture van 'n nuwe Indië wat hom ontworstel aan 'n agrariese verlede, na 'n toekoms waarin industrie en landbou gebalanseer word.

'n Derde belangrike facet van die Indië van vandag is gesinsbeplanning. As daar nie 'n drastiese vermindering gaan kom in die fantasies hoe geboortesyfer in Indië nie, gaan die onderwys- en industriële ontwikkeling te laat kom om die wanhoop te stuit. In 'n vyfjaarplan in hierdie verband bestee die regering in Indië R40 miljoen om die geboortesyfer te verlaag. Maar in 'n ongeletterde en onderontwikkelde bevolking is geboortebeperking bykans 'n onbegonne taak. Gedurigdeur hoor mens dan in Indië dat daar gepraat word van „Population explosion."

Die laaste belangrike ontwikkeling in Indië vandag is die grootskaalse program vir Gemeenskapsontwikkeling: 300 miljoen landelikes word die nuutste metodes van landbou geleer, en dit is veral tegnici uit Japan en Amerika wat hierdie nuwe kennis bring deur die sogenaamde vriendskapsambassadeurs. Hierdie mense kom woon en werk op koste van Amerika of Japan in Indië, en help die Indiërs om hulle land op te bou. Die Amerikaners is tans met hierdie vriendskapsambassadeurs ernstig doenig, veral in die nuwe onafhanklike Afrikastate.

Daar is tekens van hoop, maar die oorvloedige tekens van wanhoop wat jy rondom jou sien, stem jou soms uiterst pessimisties. Watter rol vervul die Kerk van Jesus Christus in hierdie toestande van hoop en wanhoop?

DIE KERK IN INDIE:

Indië het 339 miljoen Moslems, Boedhistie en Christene. Volgens oorlewering het die apostel Thomas reeds in die eerste eeu n.C. na Indië gekom, en aan die Weskus van Indië 'n kerk gestig. Hierdie Siriese Orthodoxe kerk het deur die eue heen deur isolasie verstar, en bykans geen sendingwerk is vir baie eue gedoen nie. Die

kastestelsel word sterk eerbiedig in die Siriese kerk aan die Malabar-kus in Indië, en wanneer iemand uit 'n hoëre kaste trou met 'n laere, word dit as 'n gemengde huwelik beskou. 'n Priester het met afkeur verwys na so 'n gemengde huwelik, en met betrekking tot die kinders uit so 'n huwelik verklaar: „They have the vices of both and the virtues of none." Eers na die aankoms van Westerse sendelinge in 1850, het die Mar-Thoma-kerk begin sendingwerk doen, en vandag is daar 'n groot sendingywer in hierdie kerk. Die kerk is volkome selfstandig, selfonderhouwend, selfvoorsienend en selfuitbreidend.

Met die ontdekking van 'n seeweg na Indië in 1498 begin die sendingaksie na Indië. Die Portugese koloniseer Goa, en die eerste Rooms-Katolieke sendelinge begin hul taak in Indië. Franciscus Xaverius is een van die bekendste Rooms-Katolieke sendelinge in hierdie tyd, en toe hy verneem van die genadeleer van die Hindoeisme, skryf hy dat die Lutherse dwaling oor die genade selfs in Indië inslag gevind het.

Daar is 11 miljoen Christene in Indië, sowat 2.25 persent van die bevolking. Die Rooms-Katolieke Christene tel sowat 50 persent van die 11 miljoen Christene. Sedert 1914-1944 het die getal Christene in Indië presies verdubbel. Na die verkryging van onafhanklikheid in 1947 groei die Kerk veel stadiger as vantevore.

Dieselde twee sendelinge wat gepleit het vir 'n sending in Suid-Afrika, Ziegenbalg en Plutschau, was die eerste Protestantse sendelinge in Indië, en het in 1706 in Tranquebar aangekom. William Carey het teen die einde van die agtiende eeu die basis van die Protestantse sending in Indië gelê. Hy het die Nuwe Testament in veertig tale en dialektes in Indië vertaal. Koningin Victoria maak die Anglikaanse Kerk die staatskerk van Indië, en hierdie daad het die Kerk geweldig veel skade aangedoen in Indië.

Dit gaan geweldig moeilik vir 'n Christelike sendeling om sendingwerk in Indië te gaan doen. Geen visum word vir sendingwerk toegestaan nie. In 1908 verenig die Amerikaanse Kongregasionaliste, die Londense Sendinggenootskap, die Amerikaanse Reformed Church en die Skots-Presbiteriaanse Kerk, en vorm die Verenigde Kerk van Suid-Indië. Na onderhandelinge met ander groeppe ontstaan in 1947 die Kerk van Suid-Indië, 'n vereniging van Anglikaane, Presbiteriane Kongregasionaliste en Metodiste. Die Verenigde Kerk het een kwart van alle nie-Roomse Christene organies verenig. Tans is 'n soortgelyke plan vir organiese kerkvereniging in Noord-Indië aan die gang, en as 'n mens die groot taal- en kasteverskille voor oë hou, is die Verenigde Kerk geen geringe prestasie nie. Reeds in 1923 is die Nasionale Christenraad van Indië gestig om die

Christelike aksie te koördineer.

Hoewel Indië 'n sekulêre staat wil wees wat die ewewig tussen die verskillende godsdiensste wil bewaar, het die nasionale oplewing beslis die „nasionale godsdiens," Hindoeisme bevoordeel. Christenvervolging kom sporadies voor, en in Pakistan neem dit akrikwekkende afmetings aan. Geen Christen mag in die staatsdiens in Pakistan dien nie, en bekering tot die Christendom van 'n Mohammedaan is 'n „misdadig" wat swaar gestraf word. Onder sulke omstandighede word konfessionele geskeidenheid as 'n ontoelaatbare luukse gesien. Ekumeniese verbondenheid is 'n sine qua non vir die voortbestaan van die Christendom in Indië.

Die sendingkerk-gedachte is totaal uitgedien in Indië — tenwens in die hele Ooste, net soos in Afrika. As 'n „sending" hom in Indië kan vestig, word hy lid van die inheemse Kerk, word as vennoot en hulpkrag beskou, en nie as raadgewer nie en kry dieselfde besoldiging as die Indiese predikant — sowat R24 per maand. Hoogstens word daar nog van jonger kerke gepraat — die term sendingkerk behoort aan die „koloniale verlede."

Hoewel sowat 80 persent van die Indiese Christene aan die laere kaste behoort, is daar min ongeletterdes onder die Christene, en deur die voorstiening van gesondheidsdienste deur die „sending"-hospitale, is die lewensverwagting aansienlik hoër as by die nie-Christelike bevolkingsdeel. Dit is wel waar dat die getal Christene in die staatsdiens uiters gering is, en daarom is die aanstelling van 'n Christen as goewerneur van die oorwonne Portugese Goa (oorwendend Christelik) 'n opportunistiese set van eerste minister Nehroe. Die kastestelsel is in Suid-Indië nog grootliks in swang in die Kerk, hoewel daar 'n aftakeling van die kastebevussyn in die Kerk in Noord-Indië te bespeur is.

Daar is talle vraagstukke waarmee die Christelike Kerk in Indië nog worstel en wat die toekoms in hierdie opsig gaan bring is duister. Lykfeeste vir die oorledenes, toordery, gelukbringers en astrologiese voorspellings (sterrewiggery) hou vir talle Christene nog bekoring in.

Die Christendom word gesien as bodemvreemd in Indië. D.T. Niles van Ceylon het dit treffend uitgedruk in die

woorde: „Die Christendom is nog 'n potplant uit 'n ander wêreld. Die pot moet gebreek en die plant op Indiese bodem geplant word." Hoe om die Kerk inheems te maak, sonder om met die heidense godsdiens te vermeng, is die groot probleem. Die sing van kerkliedere op Indiese melodieë is 'n poging om die Kerk meer inheems te maak. 'n Ander taak is om die formuliere en belydeniskrifte in 'n taal te giet wat verstaanbaar is vir die Oosterling. Die Westerse inslag van die erediens, sang en geloofswaarhede is vir die nie-Christene 'n ergernis. Die kerkgebou moet 'n Indiese argitektuur vertoon. Maar hierdie aanpassing of akkommodasie hou ook ernstige gevare in, omdat die hele Indiese lewenswyse, boukuns en musiek sy ontstaan en groei in 'n nie-Christelike godsdiens, die Hindoeisme gevind het.

Die Kerk in Indië staan voor geweldige uitdagings. Die meeste Christene wat in een staat saamgetrek is in Indië, woon in Kerala. Vyf-en-tachtig persent van die inwoners van Kerala is Christene, en van al die Indiese state was Kerala die enigste wat enkele jare gelede bankvas kommunisties gestem het, en toe ook 'n kommunistiese bewind gekry het. Blykbaar het die Christene egter heel spoedig hulle fout uitgevind, en van die kommunistiese bewind ontslae geraak.

Nasionalisme blyk 'n groot struikelblok vir die Kerk in Indië te wees. Vir 'n land wat Hindoeisme vir meer as 4,000 jaar reeds as 'n kultuur — en nasionale godsdiens het, beteken bekering tot die Christendom meestal verraad teenoor die volkselie. Om die beskuldiging van volksvreemdheid te ontsenu, sing die Kerk geriflikeheidshalwe ook saam in die koor van Nasionalisme, wat kolonialisme uitwys as die grootste sonde denkbaar. Ek wonder hoeveel Christene in Indië hulle verknies het oor Nehroe se openlike agresie teen Goa?

Indië is 'n liggunt in Asië wat die Christendom betref, omdat daar die meeste Christene van alle Oosterse lande gevind word, Elf miljoen Christene — dit lyk darem nie te sleg nie; maar om te dink dat dit net 24 persent van die bevolking uitmaak, en dit na negentienhonderd jaar . . . dan lees ons weer Psalm 22:30: „. . . Hy heers oor die nasies." En willekeurig vra jy jouself af: Ook die Oosterse nasies?

G. J. SWART.

Comment from two church leaders

Church of the Province of S.A.

„. . . We do need the truth so very much if we are to live freely. In publishing a paper "Pro Veritate" you have assumed a very exacting task, and I do pray you may always prove equal to it. In this world the truth must always have about it something of Calvary, for that is where He who is the Truth spoke most clearly. May He then keep you faithful

to the task which you have accepted.

The Methodist Church of S.A.

„. . . May I also take this opportunity of saying how glad I was to see the appearance of a magazine of this nature. I value this "dialogue" as God's appointed way for the renewal of His Church in our land, and I want to assure you of my prayerful and active support of this venture of faith . . .

Sienswyse van Lesers

Apartheid van die gelowiges: KRITIEK

Geagte Redaksie,

Deur bemiddeling van 'n vriend het ek in Nederland die eerste eksemplaar van u blad in hande gekry. U doelstellinge is lofwaardig veral soos gestel in die artikels van dr. J. A. Schutte en mnr. W. Hovy en persoonlik sou ek graag wou help in die gesprek.

Ongelukkig is daar somsaar uit die staanspoor twee sake wat m.i. nie bevorderlik is vir 'n objektiewe leiding nie.

Ten eerste sou dit u saak bevorder het as op u redaksie die verskillende standpunte ten opsigte van die rasvraagstukke beter verteenwoordig was. Die huidige samestelling lyk baie tendensieus.

Ten tweede: die artikel van een van u redaksielede, dr. P. G. Geertsema, wat u met 'n volblad-banieropskrif op die voorblad plaas, sal sekerlik nie u saak bevorder nie, aangesien dit na my diepste oortuiging 'n skewe indruk gee na twee kante. My beswaar geld die heel eerste sin:

"Hierdie artikel gaan van die standpunt uit dat die Heilige Skrif slegs een vorm van apartheid ken: dié van gelowiges teenoor ongelowiges."

Dit is jammer dat die woord "apartheid", wat as gevolg van die kwaadwillige propaganda 'n haatlike konnotasie verkry het, in hierdie verband gebruik word. Maar dit nou daargelaat. Hoofsaak is vir my dat hierdie sin in direkte teëspraak is met 'n besluit van die Alg. Sinode van die Geref. Kerk (1961), 'n besluit wat sover ek my kan herinner, sonder teenstem aanvaar is en dr. Geertsema was lid van daardie vergadering.

Ongelukkig het ek nie hier in Londen waar ek skryf, die nodige stukke nie, maar enig- een kan my bewering toets. Die rapporte en die besluite is naamlik gepubliseer in die brosjure: „Uit een Bloed . . ." (Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom).

As die redaksie my later geleenthed wil gee, hoop ek D.V. breër op die saak in te gaan. Dit spyt my dat ek teen 'n artikel van 'n oudstudent moet skryf, want ek het waardering vir dr. Geertsema se arbeid maar dit gaan by ons almal per slot van rekening om die saak van die waarheid (pro veritate).

Ek wil nie beweer dat almal die besluite van die Sinode van die Geref. Kerk hoof te aanvaar nie, maar dr. Geertsema behoort langs kerklike weg 'n beswaarskrif in te dien as hy verskil. Hy is op die redaksie as predikant van die Geref. Kerk (vgl. u hoofartikel).

Ook na 'n ander kant wek die artikel van dr. Geertsema 'n skewe indruk. Die leser kan nl. die indruk kry dat die woord „apartheid", toegepas op die verhouding van gelowiges en ongelowiges, ook sosiale apartheid bedoel. Maar gelowiges en ongelowiges van dieselfde ras en selfs van verskillende rasse ontmoet mekaar op verskillende terreine. As daar oorlog is skuil hulle saam in dieselfde kelder as burgers van een land. Ek weet dat dr. G. dit nie so bedoel nie maar sy artikel wek 'n verkeerde indruk.

Hartlike groete,
dw.
S. du Toit.

Potchefstroom.

(Die redaksie verkiest om, soos

enigsins moontlik, geen kommentaar by ingestuurde brieue te lewer nie. I.v.m. bogenoemde brief is dit egter nodig om die volgende te meld om enige misverstand te voorkom:

1. Ons sou verkiest het om dié deel van die brief wat handel oor die vraag of dr. G. se artikel in stryd is met die Sinodale besluit van die Geref. Kerk van 1961, nie te publiseer nie omdat ons blad hom nie kan of wil inlaat oor punte van procedure van 'n bepaalde kerk se ampelike vergaderinge nie. Omdat ons daardeur egter die inhoud van die brief skade kon aandoen, plaas ons dit volledig en sal ons dr. G. die geleenthed gee, indien hy dit verlang, om daarop te antwoord. Geen verdere korrespondensie i.v.m. die kerkregtelike procedure sal opgename word nie.

2. Die lede van die redaksie (soos duidelik in ons inleidingskolomme van die eerste uitgawe vermeld) is wel gekies uit die Evangeliedienaars van hulle betrokke kerk, maar dien nie namens hulle kerk nie. Dit staan enige lid van die redaksie vry om ook bydraes te lewer (wat ons verwelkom), maar die redaksie aanvaar alleen verantwoordelikheid vir die inhoud van die redaksionele kolomme. Soos in die geval van dr. G. se artikel, sal ons met graagte enige bydrae van ons geagte briefskrywer, wat die meriete van die saak behandel, ontvang en plaas. — Red.)

Waarheidsoekers verwelkom blad

Geagte Redaksie,

Dit is vir my baie aangenaam om u hartlik te bedank vir, en terselfdertyd van harte geluk te wens, met die eerste aflewing van u blad „Pro Veritate".

Hierdie brief vergesel my oopregte wense vir 'n voorspoedige blad met 'n lang lewe. Mag u blad gou inslag vind by die waarheidsoeker en sodoen die groei van krag tot krag. Ek is oortuig daarvan dat u blad sal groei solank u eerlik en oopreg u leuse en naam uitleef — Pro Veritate („vir die waarheid"). Kom ons voeg nog daarby die hoop: „Mag die waarheid sevier" en ons het 'n onoorwinlike kombinasie.

Ek is seker daar is duisende mense in die Republiek wat, soos u, eerlik en onbevrees op soek is na die waarheid. Ons waarheidsoekers verwelkom dan ook die geleenthed wat u ons bied om deur die kolomme van u blad deel te hê, of selfs deel te neem, aan besprekings oor groter waarhede wat tot ons mag kom. 'n Oopregte waarheidsoeker moet bereid wees om enige waarheid, vanwaar dit ookal mag kom, aan te neem en sy sienswyse daarvolgens te verander, selfs al bring dit mee dat ou tradisies of vooropgestelde idees die nekslag toegedien word. Alleenlik so iemand kan 'n onbevreesde soeker na die waarheid genoem word.

Dit is te hope dat „Pro Veritate" met bogenoemde artikel op die voorblad van sy eerste uitgawe daarin geslaag het om die hoogsnoedsaaklike gesprek in hierdie verband aan die gang te sit en wel op die hoëvlak van verantwoordelike teologie en skrifgebonden besinning, vry van politieke emosies en hoogmoedige selfversekerheid. Mag God gee dat dit in hierdie gesprek sal gaan enkel en alleen om die soeke na die waarheid van Gods Woord, want alleen hierdie waarheid kan tale wat met die vraagstuk worstel, lei en lig gee en vrymaak.

C. J. LABUSCHAGNE.
Pretoria.

KE NETE.
Wolmaransstad.

Eenheid van sigbare kerk.

Geagte Redaksie,

Graag wil ek my waardering uitspreek vir die reaksie van prof. H. du Plessis van Potchefstroom op my artikel in die Mei-uitgawe van hierdie blad. Vergun my om enkele opmerkings in dié verband te maak.

Uit wat hy skryf, blyk duidelik dat die eenheid van die sigbare kerk hom, soos my, ter harte gaan. Waar ek 'n voorbeeld aangehaal het van een Sinode met gedifferensiëerde mindere vergaderings (wat vir my nog die verkeersligste voor-kom), noem hy 'n voorbeeld van een Algemene Vergadering met gedifferensiëerde sinodale vergaderings. In die wese van die saak is daar tussen dié twee egter geen verskil nie. Ek kan my dus met die gedagte van prof. du Plessis vereenselwig op voorwaarde dat so 'n Algemene Vergadering nie maar net 'n adviserende liggaam is soos bv. die Geref.

Ekumeniese Sinode nie, maar 'n kerklike vergadering in die volle sin van die woord, wat met betrekking tot sake van leer en belydenis bindende gesag het oor die „etniese" kerke waaruit dit saamgestel is. So alleen kan die eenheid van die kerk op hierdie wyse tot uitdrukking kom.

By al hierdie oorwegings mag ons egter nie van die gedagte uitgaan: hoe kan ons met die minimum kontak tussen die verskillende „etniese" kerke (sé eenmaal in vyf jaar) nog ons gewetens tevrede stel nie, maar ons moet onsselvself afvra: hoe kan ons met raad en daad die jong kerke gedurig lei en voorhelp op die pad van selfstandigheid, veral geestelike selfstandigheid? Wanneer ons hierdie vraag gelowig beantwoord, sal ons doen wat ons hand (en ons hart) vind om te doen.

P. G. GEERTSEMA.

Kaapstad.

Readers' Views

Pro Veritate: Betekenisvolle ontwikkeling

Geagte Redaksie,

Die verskyning van u blad beskou ek as een van die mees betekenisvolle ontwikkelinge wat in baie jare in Suid-Afrika plaasgevind het. Die wese van die Christelike belydenis en godsdiens is juis na my mening vernuwing. En diegene wat glo dat dit iets is wat van self kom of sonder stryd, verstaan nie die wese van die Evangelie nie. Nie vrede nie, maar 'n swaard. En dit is seker nie toevallig dat die Kruis ook soos die swaard gevorm is nie.

Maar dit is die swaard van die Geloof. En dit is slegs wanneer 'n volk, 'n nasie nog in homself genoeg innerlike verset teen verstarring, teen

selfvoldaanheid, teen geestelike roes kan vind, dat hy die lewe in die volle sin kon verdiend.

Dat daar in ons land en veral ook in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika nog manne is wat steeds duidelik en helder hul getuienis sal laat hoor; dat hulle net maar gevellig is om in ootmoed opnuut te soek, wel bewus van hulle eie tekortkominge maar wetende altoos dat God nie Vrydagbetaal nie, maar in sy Eie Tyd, gee vir ons almal nuwe hoop.

Mag u blad van krag tot krag gaan.

Die uwe,
W. A. DE KLERK.

Klein-Drakenstein.

Vrae aan ds. S. O. Skeen.

Geagte Redaksie,

ds. S. O. Skeen beweer op bladsy 8 van „Pro Veritate": „Die kerk sal altoos die oproep tot liefde helder moet laat weerklank, want al sou ons duidende Rand gee om vir mense van ander rasne wonings te bou en aparte skole en universiteite, ens. te gee, en ons sou die liefde nie hé nie, dan sou dit alles ons nik baat nie."

Nou my vraag aan hom:

Dink u nie dat dit juis 'n bewys is van die liefde van die Afrikaner, teenoor die nie-blanke nie? Is ons sendingwerk hier en in die Federasie nie juis 'n bewys van ons liefde vir die nie-blanke nie? Of moet daar juis net integrasie wees om jou liefde te bewys?

Gesamentlike Kerkdienste:

Sommige van u skrywers beweer dat „eiesoortige ontwikkeling" in die algemeen nie be teken 'n regverdiging van apartheid in die kerk, van uitsluiting of weierung by ons om met nie-blanke lidmate saam te aanbied of ons regverdig om hul uit „ons" kerkgeboue te weer nie. So 'n houding en praktyk

is sonder meer sonde.

Waar so 'n dogmatiese houding ingeneem word, wil ek net so kategorie beweer, dat die toelating van Bantoe tot die godsdiensoefeninge van die blanke, daar waar hierdie godsdiensoefeninge aangepas is aan die werklike behoeftes van die blanke sonde is. Apartheid in die kerk wortel nie, soos deur die voorstanders van integrasie skynbaar aanneem in 'n minagtig van die Bantoe nie, maar in die oortuiging dat die organisasie van die Bantoe in eie kerke in die hoogste geestelike belang van die Bantoe is. Die blanke leraar, voor 'n blanke gemeente, stel 'n blanke Christus voor. Maar Christus sal nooit vir die Bantoe beteken, wat hy vir hulle sal kan beteken nie, voordat hulle nie in Hom sien die Godmens in eie kleur nie.

Dit kan die blanke leraar nie vir hulle aanbied nie. Die evangelisasie van die Bantoe is ten slotte die funksie van die Bantoe-Christene.

J. HEYL.

Potgietersrus.

Ons enigste hoop in hierdie tyd

As ons met God is en God met ons, dan sal alles wel wees; dan sal ons die nodige lig en troos en krag ontvang; dan sal die Here ons behoed en veilig deur die diepte lei; maar as die Here nie met ons is nie, dan is ons tyd kort en ons ondergang groot en tragies.

IS ONS NOG MET GOD?

Dit is die vraag. Die Here het ook in ons dag vir Hom 7000 bewaar wat die knie nie vir Baäl gebuig het nie. Dit neem egter nie weg dat ons met droefheid moet erken dat die sondes teen elke gebod van God in ons land en selfs onder ons eie volk geweldig toegevoeg het; kyk hoe het die misbruik van sterk drank en ge-

valle van onsedelikheid toegevoeg. Dink maar net daarvan hoe kerkloosheid, kerklosheid en Sondagsonthelinge toegevoeg het. Die Mammon van die stoflik-aardse sit hoog op die troon. Die waarheid struikel op die strate. Ons kan maar vir onself verder dink.

Waarskynlike enigste vaste fondament en lewenswortel van heil en hoop is in terugkeer tot die Here onse God.

Elkeen wie se hart nie reg en opreg met die Here is nie, moet op die weg van die ware bekering terugkeer tot God soos die verlore seun. Hy moet die enigste deur, Jesus Christus, ingaan in die skaapskraal.

Die oproges van hart het egter ook hulle sondes (en soms is dit ernstige sondes) en daardie sondes weeg teen die toekoms van ons volk, in die skaal van die Here.

Ons moet elkeen ons hand in ons boesem steek en breek met ons sondes.

Daar moet hervorming wees in ons lewe en dit ooreenkomsdig die beginsels van Jesus Christus. Die heilige moet nog heiliger word.

Ons moet langs die hele front terugkeer tot die goeie ou paaie en daarin wandel — Terug tot God en sy Woord en sy dag en sy kerk en sy gebod.

Ons moet veral sorg dat ons verhouding tot die nie-blanke wat in ons midde woon, reg en christelik is; dat ons hom erken as ons naaste en hom as ons naaste behandel volgens die voorskrif van Christus. „Die terugkeer van die blanke en die bekering van die nie-blanke in ons midde, dit is die één ding wat bo alles nodig en noodsaaklik is.”

(Ds. J. L. v.d. Merwe in „Die Kerkblad” 12.1.61).

J. A. SCHUTTE.

DIE „WITMANSGODSDIENS”

Onderstaande is oorgeneem uit 'n Christelike Maandblad vir die Bantoes. Die naam van die blad is „Our Africa.” In die Junie-uitgawe (1962) verskyn onderstaande, wat alle lezers tot diep nadenke behoort te stem. Ons is baie dankbaar vir die stryd wat ons mede-Christene met ons voer vir die waarheid.

GOSPEL “EUROPEAN THING”?

It is very clear that the Gospel is "God's thing". Without food and water to eat and drink, man would die. Without eyes, ears, hands and feet, man would not be able to see beautiful things like flowers. He would not be able to hear good music or news from the radio, write letters to his friends, or play football.

Who has given man the ability to see, hear and walk? Who has created "nature" from which man gets his food, water and clothes? It is God.

But God has not only provided for the bodily needs of man. He has also made provision for man's spiritual needs. He has devised a way whereby man can live forever after life. He has done this by sending His Son, Jesus Christ, to die so that man can have eternal life. Through faith and repentance from sin, man can now have the blessed hope of meeting his God and Maker when he leaves this world.

Man has done nothing to deserve God's bodily provision, such as food and water, eyes to see, ears to hear and mouth to speak or sing. Man also does not deserve the hope of God's forgiveness and right to be God's child through the death of Christ. God has done all this because He wants man to come back to Him. That is the message of the Gospel — "good news" to ALL men whether they be Africans, Americans, Chinese, Indians, Europeans, or Coloureds.

There are some people who deny this truth. They say that the Gospel is a "white man's thing". That is foolish talk. There are many white people who are "raw heathens", and curse the Gospel and work against God. They don't know what the Gospel means.

Africans who say the Gospel is a white man's thing, are not serious thinkers. They merely want to fool others and themselves as well. Many people who stupidly label the Gospel as "white man's thing", waste their money in the beer-halls built for them by Europeans. They starve their own wives and children or parents. These people smoke cigarettes and pipes made by Whites. They also want colour bars abolished so that they can drink "European Liquor". This shows how thoughtless are the people who say the Gospel is a white man's thing.

Cigarettes, beerhalls and European liquor are some of the things that are "white man's things". But the Gospel is God's message to man.

There are many Whites who know nothing, or very little, about the Gospel. It is God's

thing. You are fooling yourself when you say that the Gospel is "white man's thing". Your conscience tells you the Gospel is God's message to all men including yourself. The Gospel is God's message of life and hope to man.

There are millions of people among all nations of the world today who rejoice in the great hope that they have because of the Gospel. Some day this multitude of believers of all nations, kindreds and tongues shall stand before the Throne of God and say:

"Our salvation is due to our God Who is seated on the Throne, and to the Lamb (Jesus Christ) — to Him we owe our deliverance! (Rev. 7: 10 A.N.T.).

The Gospel is the "power of God unto salvation to everyone that believeth". (Rom. 1:16).

UITNODIGING AAN DOSENTE

Die redaksie van Pro Veritate wil hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan dosente van alle erkende Protestantse kerke se teologiese inrigtings rig om bydraes aan die blad te lewer. Enige vraagstuk of saak van aktuele belang vir die kerk van Christus of vir die maatskappy in die algemeen en toegelig vanuit die standpunt van die Skrif word verwelkom. Hierdie uitnodiging word gedoen in die vaste oortulging dat ernstige en weldeurdagte Skrifbesinning 'n dringende noodsaaklikheid is om lidmate te help om 'n meer doelbewuste en verantwoordende Christelike lewe te lei.

'n Vriendelike uitnodiging

gaan hiermee ook aan alle Bybelstudiekringe om die resultaat van Skrifstudie en wat beantwoord aan die doelstellings wat die blad nahou. Enige bydrae van bespreking aan die blad te borg.

DISCIPLES OF CHRIST MERGE WITH UNITED CHURCH IN PHILIPPINES

The Church of Christ in the Philippines (Disciples) unanimously approved immediate merger with the United Church of Christ in the Philippines. The United Church of Christ in the Philippines consists of a union of Congregational, Evangelical United Brethren, Methodist and Presbyterian churches.

Nou moet u beslis

Dit is nou die tweede of derde nommer van ons blad wat U kosteloos ontvang het.

U sal egter verstaan dat ons fondse nie toelaat om die blad verder kosteloos te versprei nie. Hierdie nommer is dus die laaste nommer wat kosteloos uitgestuur word aan almal wat reeds 1 of 2 nommers ontvang het.

U moet dus nou die beslissing neem om in te teken op Pro Veritate. Stel dit nie uit nie, anders sal u die Augustus-nommer met sy interessante artikels mis. Sal u dus so vriendelik wees om die vorm in te vul, en met u tjek aan ons te stuur.

Die inskrywingsgeld is vir 12 nommers, met ingang van elke nuwe kwartaal, die nommers van die lopende kwartaal ontvang u kosteloos solank ons hulle beskikbaar het. Die eerste nommer is heeltemal uitgeput, van die tweede nommer het ons duisend eksemplare meer laat druk, maar ook daarvan is nog net 'n klein klompie oor.

Stel dit dus nie uit nie, maar doen dit vandaag.

U kan ons help

Is u bereid om die taak van die redaksie en die sekretariaat wat sonder enige vergoeding hulle dienste verleen, 'n bietjie te help verlig? U kan dit doen deur die volgende punte in ag te neem:

1. Stuur 'n tjek of posorder as u die bedrag van u intekening of ondersteuning aan ons besorg. Ons het nie die masjinerie om rekenings uit te stuur nie.
2. Adresseer u brieve net aan „Pro Veritate”, Posbus 487, Johannesburg, en NIE aan persone nie. Dit geld vir brieve aan die redaksie sowel as vir brieve en inskrywings bestem vir die administrasie.

You must decide now

You have now received the second or third copy of our publication, free of charge.

You will appreciate that our funds are not sufficient to allow further free issues, and this is the last free copy to anyone who has already received one or more free copies.

You must now decide whether you wish to subscribe to "Pro Veritate". Do not delay, or you will not receive the August number with its interesting articles.

Subscriptions should be sent for 12 issues, commencing at first of new quarter — the current quarter's issues are free whilst they are available. No further copies of the first issue are now available and although we increased the issue of the second number by one thousand copies, only a few of these are still available.

Therefore, don't delay. Subscribe today.

You can help us

Are you prepared to ease the burden of the editor and the secretary who give their services without any remuneration? You can do this if you will consider the following points:

1. Send your cheque or postal order. We are not equipped to send out accounts.
2. Address your letters to "Pro Veritate", P.O. Box 487, Johannesburg, and not to any particular person. This applies to letters to the Editor, as well as to letters and subscriptions addressed to the administration.